

God maak sy kinders tuis in sy liefde, nie aktiviste vir sy liefde nie

ds. PJ Kriel

19.07.2020

Inhoud Preek Efesiërs 2 aktivis yweraar vyandskap vrede kerk eenheid ds. Petrus Kriel God maak sy kinders tuis in sy liefde. Hierdie preek wys dat God sy kinders tuis maak in sy liefde maar dat geestelike aktiviste vir God se liefde sy kinder vreemdelinge en bywoners in sy liefde maak. Só kaap hulle God die Vader as hul God en maak hulle God se kinders in die kerk Vaderloos.

Skriflesing Efesiërs 1: 4 – 6; 2: 8 – 19; 3: 5, 6; Rom. 10: 1 – 4.

Teks Efesiërs 2: 14: “Hy is immers ons vrede – Hy wat die twee groepe een gemaak het en die middelmuur van skeiding, die vyandskap, deur sy liggaam afgebreek het.”

Tema God maak sy kinders tuis in sy liefde, nie aktiviste vir sy liefde nie

1. Kan ander mense se kinders ooit 'n ouer se eie kinders vreemdelinge en bywoners in hulle eie ouerhuis maak? Kan 'n ouer ooit ander mense se kinders as hul eie kinders liefhê, terwyl hulle hul eie kinders as vreemdelinge en bywoners in hulle huis sien?

Watter ouer kan dit met sy eie kind doen: om sy eie kind 'n vreemdeling en bywoner in sy huis te maak terwyl hy ander mense se kinders liefhê asof dit sy eie kinders is?

Daar kan nie sulke ouers wees nie! En dit is presies wat die Jode met God doen. Hulle maak asof God sy eie kinders vreemdelinge en bywoners in sy liefde maak, terwyl God mense wie nie sy eie kinders is nie, liefhet asof Hy hulle Vader is!

Dit is wat die Jode in die nuwe Christelik gemeentes in die gebied wat vandag Turkye is, gedoen het. Die Jode kaap God en maak God se kinders vaderloos! Dit is die geestelike geweld en vyandskap van Jode teen kinders van die Here wat Paulus in Efesiërs 2 aanspreek.

2. Paulus stel die kontras in Efesiërs 2 tussen twee verskillende soorte mense: mense wie by God vreemdelinge en bywoners is (2: 29) teenoor mense wie die huisgesin van God is: medeburgers, mede-erfgename, medelede en deelgenote aan dieselfde belofte. (2: 19, 3: 6)

Hierdie skeiding tussen vreemdeling en bywoners, en God se kinders, is 'n skeiding wat God self maak, nie mense nie.

Dit is die onderskeid wat God maak tussen hulle wie Hy as kinders aanneem soos Hy dit goeddink (1:5) en hulle wie Hy as God nie as sy kinders aanneem nie. Hulle wie God as kinders aanneem is die huisgesin van God. (2: 19) en hulle wie Hy nie as sy kinders aanneem nie, is vreemdelinge en bywoners in sy liefde. (2:19)

God maak sy kinders tuis in sy liefde, nie aktiviste vir sy liefde nie

God is ook goed vir mense wie vreemdelinge en bywoners in sy liefde is. Hy versorg hulle, is goed vir hulle, laat dit oor hulle reën, maak hulle gesond, beskerm hulle teen gevare, red hulle uit nood, skenk aan hulle welvaart en geluk, laat hulle oor sy skepping heers en beklee hulle met mag. (Mat. 5: 45) Kom ons pas dit toe op die Covid-19 virus. Wie het al die Japannese, Chinese, Indiërs, Arabiere, Russe, Europeërs, Afrikane Suid en Noord Amerikane wat glad nie in Christus glo nie van hierdie virus tot nou toe genees? Dit is Jesus Christus die Here. Hy is goed vir alle mense wie Hy maak!

Terwyl God vir hierdie mense goed is, sluit God self hulle nie in sy liefde in nie. Daarom is hulle vreemdelinge en bywoners in God se liefde, al is God goed vir hulle.

3. Waarin God hulle nie insluit nie beskryf Paulus uitvoerig in Efesiërs 2!

- Hulle is nie ingesluit in die burgerskap van Israel nie, maar vervreem daarvan.
- Hulle het nie deel van God se verbondsbeloftes gehad nie, maar was vervreem daarvan.
- God was nie hulle God nie en hulle het sonder God hul eie afgode gemaak en aanbid.
- Hulle was sonder enige hoop op die Messias wat hulle sal kom verlos van hul sondigheid.
- Hulle was nie ingesluit in God se liefde nie maar ver van sy liefde.

Dit is hoe God Israel as volk gebruik het voor die koms van Jesus as die Messias, die Christus. Israel was as gemeenskap die draer van die beloftes van God se verbond en jy kon net deel wees van God se beloftes deur 'n burger te word van die volk Israel. God was net vir Israel as volk en gemeenskap die God van sy verbond!

En toe word die geheimenis van die Messias, Jesus Christus openbaar. Paulus wys dat voor Jesus Christus was hierdie geheimenis nie bekend gemaak gewees soos Jesus Christus dit bekend gemaak het nie.

Die geheimenis van Christus is dat heidene deel van God se verbondsliefde word. (3:6) Ons mag ons nie met hierdie geheimenis misgis nie. Die onbekende oor die Messias was nooit dat mense uit ander volke, kulture, nasies en godsdienste nie deel van God se verbondsliefde kan word nie. Uit feitlik elke ander kultuur, volk en nasie het mense deel van God se verbondsliefde geword, voor die koms van Jesus Christus.

Vergelyk dit maar weer uit watter volke, nasies en kulture mense deel van God se verbondsvolk, Israel was met die uitstorting van die Heilige Gees: "Ons, Parte, en Mediërs en Elamiete, inwoners van Mesopotamië. Judea, Kappadosië, Pontus, Asië, Frigië, Pamfilië, Egipte, en streke van Libië in die omgewing van Sirene, en Romeine

God maak sy kinders tuis in sy liefde, nie aktiviste vir sy liefde nie

wat hier vertoef, Jode en proseliete, mense van Kreta en Arabiere – ons almal hoor hulle in ons eie taal oor die groot daad van God praat.” (Hand. 2: 9 – 11)

Proseliete beteken juis hulle wat hul tot God bekeer het en nou deel van Israel is, al is hul van ander volke, nasies en kulture.

4. Wat is die geheimenis van Jesus Christus vir die eerste keer bekend gemaak het?

Dit was dat jy deel van God se verbondsbelofte word, sonder dat jy deel van die volk Israel word. Christus het Israel se posisie as volk oorgeneem. Hy as Messias is nou die draer God se beloftes, nie meer die volk Israel nie.

Dit is hoekom Matteus wys dat God Jesus na Egipte laat vlug het voor die kindermoord van Herodes. “Hy het daar gebly tot Herodes se dood, sodat vervul sou word wat die Here deur die profeet gesê het: “Uit Egipte het Ek my Seun geroep.” (Mat. 2: 15) Nie meer die volk Israel wat uit Egipte geroep is, is die draer van God se verbondsbeloftes nie, maar Jesus Christus wie God die Vader as sy Seun uit Egipte geroep het.”

Die geheimenis van Christus is dat jy aan God se verbondsliefde deel kry omdat jy ingesluit is in Christus se liggaam as mens, sonder dat jy ’n lid van die volk van Israel hoef te wees. Daarom kry Jode en heidene in en deur sy liggaam wat gekruisig was en deur sy dood as mens, sy bloed, deel aan God se volle verbondsliefde. Daarom is Jode en heidene medelede van die liggaam van Christus wat gekruisig was, gesterf het en uit die dood opgestaan het. (2: 14, 16. 3: 6) Jode en heidene se eenheid met wie Christus vir hulle as mens is, maak hulle op een en dieselfde wyse deelgenote van God se belofte, mede-erfgename van God se liefde en medeburgers van die huisgesin van God.

So kry elke mens uit elke volk, taal en nasie op een en dieselfde wyse deel van God se liefde in Christus sonder dat hulle ooit weer een volk, een nasie of een taal hoef te wees. Dit is die geheimenis van Christus. Net mense se eenheid met Christus as mens in die hemel laat hulle deel in God se volle liefde as Vader sonder enige burgerskap van enige ander gemeenskap, volk, taal en nasie.

5. Wat is die middelmuur van vyandskap?

Dit is glad nie God se muur nie! God rig nooit mure van vyandskap tussen Hom en mense op nie! God rig ook nie tussen Hom en goddeloses mure van vyandskap op nie. Christus het vir goddeloses gesterf wat in sonde leef en van hul kant af God se vyande is. (Rom. 6: 6 – 8) Hy versoen Homself met mense terwyl hulle nog goddeloos is.

God maak sy kinders tuis in sy liefde, nie aktiviste vir sy liefde nie

Hierdie middelmuur van vyandskap in Efesiërs 2 is 'n skeiding wat die Sadduseërs, Fariseërs en Skrifgeleerdes van die Judaïsme oprig tussen hulle en God aan die een kant en die kinders van God aan die anderkant!

Wat is hierdie middelmuur van vyandskap wat hulle oprig?

Paulus stel dit helder en duidelik: “die wet met sy eise en reëls.” Hierdie wet is die Tien Gebooie van God met al uitgebreide die eise en reëls deur die hele Bybel. Die Judaïste het God se Gebooie gebruik om tussen hulle en God se kinders 'n middelmuur van vyandskap op te bou. Dit is nie iets wat eers met die Christene gebeur het nie. Dit het vanaf die tyd van die Ballingskap in Babilon begin as 'n middelmuur van vyandskap tussen die Israeliete self.

Hierdie middelmuur van vyandskap tussen die Israeliete self, en toe tussen Judaïste en Christene klink so volgens Paulus in Romeine 10: 2 – 3 so: “Ek kan inderdaad vir hulle getuig dat hulle God met ywer dien, maar sonder die regte insig. Omdat hulle die geregtigheid wat van God af kom nie begryp nie en om hulle eie geregtigheid tot stand te bring, het hulle hul nie onderwerp aan die geregtigheid wat van God af kom nie.”

Judaïste is hulle wie deur God se wet se eise en reëls hulle self wil deel maak van God se verbondsliefde. Hulle wil hul self bekeer volgens die wet, hul eie lewe vir God reg maak volgens die wet, God se liefde en guns verkry deur reg te leef volgens die wet, hul self oor te gee om alles volgens God se wet reg te doen om vir God reg te wees en nooit iets teen God se wet te doen sonder om dadelik daarvoor vergoeding te doen nie.

Die middelmuur van vyandskap wat hulle oprig tussen God en sy kinders, is hierdie bekerings en lewe om vir God reg te word volgens sy wet.

6. God het nie so middelmuur van vyandskap, nie tussen Hom en sy kinders of tussen Hom en Jode, goddeloses en sondears nie.

Inteendeel! Hierdie middelmuur van vyandskap deur die Tien Gebooie het Christus afgebreek. Hy het hierdie muur wat die Jode tussen hulle en heidene, tussen hulle en God se verbondskinders in Israel en tussen God en mense soos hulle dit voorhou, afgebreek!

Hoe?

Deur twee groepe een en dieselfde nuwe mens te maak!

Watter twee groepe? Hulle wat volgens hoofstuk twee in sonde leef asof sonde liefde is en só kinders van die ongehoorsaamheid is en hulle wat hulle self beywer

God maak sy kinders tuis in sy liefde, nie aktiviste vir sy liefde nie

om hulself vir God reg en goed te wil maak deur hoe bekeerd, gehoorsaam en liefdevol hulle volgens God se wet leef!

Deur al twee hierdie groepe mense in te sluit in Christus, maak God die Vader hulle heilig, onberispelik en regverdig vir sy liefde daardeur wat Christus vir hulle doen. (Ef. 1: 4; 4: 24) Daarom stel Paulus wie God ons in Christus maak kom nie uit onself nie, nie uit ons werk volgens God se wet nie, maar is 'n gawe van God! (Ef.2: 9) Op hierdie wyse maak God die Vader heidene en Jode mense wat weer vir God goeie werke kan doen, waarvoor Hy hulle gemaak het, omdat God hulle regverdig en heilig maak, nie hulself nie.

Waar God goddeloses en yweraars vir God se wet op hierdie wyse, in Christus, reg en heilig maak vir sy liefde en diens, kan daar nie meer 'n middelmuur van vyandskap tussen hierdie lede opgerig word nie. Want die wet as voorwaarde hoe jy jouself vir God moet reg en heilig maak, hoe jy moet leef om reg en heilig vir God se liefde te wees, het God self deur Christus weggevat.

7. Wie probeer die middelmuur van vyandskap steeds opbou en staande hou tussen hulle en God, aan die een kant en hulle wie ingesluit is in Jesus Christus en só medelede van sy liggaam, deelgenote van God se belofte van liefde, mede-erfgename is van alles wat Christus vir hulle bewerk het en medeburgers is van die huisgesin van God, aan die ander kant?

Die antwoord is – die yweraars vir God se saak, sy liefdeswet, die Tien Gebooe! Vandag word hierdie yweraars vir God aktiviste vir God, aktiviste vir God se liefde en aktiviste vir God se koninkryksake genoem.

Dit is presies wat in elke nuwe gemeente in Klein Asië en daarom ook in Efese aan die gang was. Die Joodse yweraars vir God volgens Romeine 10 het die gelowiges in gemeentes uitgeskel as “onbesnedenes” en hulle self teenoor hulle as die ware kinders van God voorgehou met die selfverheffende naam: “die besnedenes.”

Die yweraars vir God het alles gedoen wat God in sy wet stel, om hul liefde vir God te regverdig en hul liefde vir God te heilig. Maar wat het hulle hulself met hierdie ywer vir God gemaak?

Dit is die bitter ironie van hul geestelike waan (Rom. 10: 2) Hulle het hulself met hul misplaasde ywer vir God, vreemdelinge en bywoners in sy liefde gemaak!

Hoe maak jy jouself 'n bywoner en vreemdeling vir God se liefde? Deur jouself vir God reg, goed, gunstig en heilig te maak deur jou liefde vir Hom! God maak sondaars deel van sy liefde deur hulle medelede van die liggaam van Christus te maak en so mede-erfgename van alles wat Christus bewerk het, medeburgers van sy huisgesin te maak en deelgenote van elke verbondsbelofte van God te maak.

God maak sy kinders tuis in sy liefde, nie aktiviste vir sy liefde nie

Dit is God se manier, uit genade, deur geloof reg en heilig vir God se liefde, en die yweraars vir God het hul eie manier. Hulle steur hulle nie aan God se manier nie. Wie hulle nie aan God se manier steur hoe om in sy liefde te deel en te leef nie, is mos niks anders as vreemdelinge vir God se liefde en bywoners in God se liefde nie.

Daarom is dit altyd hulle wie nie God se liefde vir sondaars ken nie, wat yweraars is vir God se liefde. 'n Ander woord vir yweraar is aktivis. Aktiviste vir God se liefde! Aktiviste vir God se liefde is vir sy liefde vreemdelinge en bywoners. Hulle is nie deel daarvan nie.

8. Binne God se huisgesin kom hierdie yweraars vir God en rig binne die eenheid en vrede wat die Here Jesus in sy kerk vir sondaars geskep het, weer 'n middelmuur van vyandskap op tussen God die Vader en sy kinders wat hy vir Homself regverdig en heilig gemaak het in Christus.

Dit het Joodse Christene in elke nuwe Christelike gemeente kom doen.

Hulle kom binne die kerk en oordeel dat God die Vader se kinders is buite sy liefde, vreemdelinge en bywoners in sy liefde, omdat hulle nie soos die yweraars God so reg en volkome lief het nie. Hulle wil met hul liefdesywer vir God volgens sy wet, kinders van God oortuig hulle is vreemdelinge en bywoners in God die Vader se liefde!

Dit is die drif van aktiviste vir God: wanneer jy nie self 'n aktivis vir God is nie, mag jy nie tuis wees in die liefde van God die Vader wees nie. Dan moet jy jouself vervreemd en ontuis voel in God die Vader se liefde vir jou as sy kind. Dit, terwyl God die Vader Hom vir sondaars wie in Christus glo, 'n woonplek maak!

Hierdie nuwe Christene uit die heidendom moet nou voel en glo hulle kan nie tuis en rustig wees in God se liefde nie, want God sluit hulle nog nie so in soos Hy besnyde Jode in sy liefde insluit nie. Hulle staan nou kamtig nog buite sy liefde as tuiste en rusplek.

Kan u die ironie sien? Hulle wie nie glo dat Christus mense reg en heilig maak sonder enige liefdewerk nie, hou hulle voor as God die Vader se geliefdes en hou hulle wie glo in Christus voor as mense wie buite die volle liefde van God staan.

Hoekom?

Omdat hulle nie yweraars, aktiviste is vir God se liefde, vir God se saak nie! Dit is mos presies wat hier gebeur. Aktiviste probeer die kerk verdeel en verskeur tussen hulle wie as aktiviste meer liefde van God kry, meer deel van God se liefde is as God se eie kinders! Kinders wie nie kinders van God wie in sy liefde leef en nie aktiviste vir God se liefde is nie.

God maak sy kinders tuis in sy liefde, nie aktiviste vir sy liefde nie

So maak hulle die gemeentes wie in die vrede mag leef van God se liefde vir sondaars, die sentrums waar kinders van God in die konflik moet leef dat hulle nie tuis mag wees in hul Vader se liefde nie. Hulle moet hulself vreemdelinge en bywoners voel by hul Vader want Hy is nou die God vir yweraars en aktiviste vir sy liefde!

9. Wat is ons vrede met God ons Vader! Paulus stel dit só! “Want deur Hom (Jesus Christus) het ons albei toegang tot die Vader deur een Gees!”

Hierdie toegang om in God die Vader se liefde tuis te wees, kan geen aktivis vir God van ons wegneem nie. Gaan aktivis vir God se liefdesake kan hierdie vrye toegang tot God die Vader se liefde vir ons ontoeganklik maak nie en van ons vervreem nie. Want God self het die wet en die eis van die liefde as voorwaarde om God te mag nader en in sy liefde te mag deel, weg gevat! Aktiviste vir God kan dit nie tussen God en ons terug sit nie!

Aktiviste bou altyd weer die middelmuur van vyandskap op vir hulle wie in Jesus Christus tuis geword het in God die Vader se liefde! Middelmure met die liefdesgebod van God en hul eie nuwe morele kodes waarmee hul hulself vir God regverdig

Kom ons kyk hoe hierdie aktiviste vir God se liefdesake elke dag besig is om te probeer om die middelmuur van vyandskap weer tussen ons en God ons Vader te probeer oprig!

Die moderne geestelike aktiviste vir God se liefde vir ongereddes klink só! Al glo jy in Jesus Christus is jy nog nie 'n wedergebore Christen nie. Jy kan eers 'n wedergebore Christen word wanneer jy jou hart en jou lewe vir God gee! Kan u die nuwe middelmuur van vyandskap en skeiding tussen God se kinders hoor? Nou loop daar 'n middelmuur van skeiding tussen die gelowiges in die gemeente en die wat aan die wedergebore kant staan wat hulle lewe en harte vir God gegee, sê vir die gelowiges in Christus hulle is vreemdelinge en bywoners in God se liefde want hulle het nou kamstig nou nie waarlik tot bekering gekom nie.

Dieselfde geestelike aktiviste vir God se liefde vir ongereddes rig nog 'n middelmuur van skeiding en vyandskap binne die Here se liggaam, sy kerk op! Al glo jy in Jesus Christus is jy nog nie 'n geesvervulde getuie vir god wat vir die wêreld sy beeld wys as getuie nie. Nou loop daar weer 'n ander middelmuur van skeiding deur die Here se liggaam – jy moet eers 'n volle liefdesoorgawe gaan God maak voor jy hierdie geesvervulde beeld van god kan wees vir die wêreld. Gelowiges kan nie tuis wees met god die Vader en sy Gees nie, en hulle rus in sy liefde is ook nie 'n getuie vir die wêreld nie. Daarom is hierdie gelowige kinders van die Vader nie werklik deel van sy volle liefde nie en is hulle nog bywoners in sy volle liefde.

God maak sy kinders tuis in sy liefde, nie aktiviste vir sy liefde nie

Net so bou predikers vandag 'n nuwe middelmuur van skeiding in die huisgesin van God deur 'n nuwe visie van missionale Christene. Missionale Christene is hulle wat in die swart townships God wat in die townships besig is gaan ontmoet en deel van sy visie en missie as God in die wêreld word. Gelowiges wie nie hierdie verpligte gemeenskapsdiens gaan doen nie, is nog nie missionale kinders van God nie, maar selfingekeerde kinders wie nie werklik saam met God in sy missie en visie leef nie. Hulle is vreemdeling en bywoners vir die God wat in townships woon.

Net so bou predikers oor die hele land sulke nuwe middelmuure van skeiding en vyandskap tussen gelowiges wie medeburgers van God se volk, mededeelgenote van God se belofte en mede-erfgename van Christus se verdienste is, deur ware kindskap van God te kwalifiseer met of jou Afrikanerskap of jou Afrika-skap. Wie nie 'n Afrika- Christen, 'n Afrikaan is nie, is nou nog 'n Eurosentriese gelowige wie 'n vreemdeling en bywoner by die God vir Afrika is of andersom! Wie nie 'n Afrikaner-Christen is nie is 'n liberale vrysinnige kind van God wie nog nie ware volksliefde vir sy mede-Christene het nie. Hulle is vreemdelinge en bywoners vir God wie God vir die volk is.

Seker die vreemdste middelmuur van geestelike aktiviste vandag opbou binne gemeentes tussen die mededeelgenote van God se belofte en mededele van die liggaam van Christus, is die nuwe grondwet Christene! Hulle is aktiviste vir die onderdrukte en minderhede wat deur die grondwet van die land gelyke regte gegee word. Wie in Christus glo, is nog nie volgens hulle 'n koninkryks-Christen wat vir die regte van minderhede soos gays, transseksuele, bi-seksuele veg nie. Wie nie 'n aktivis vir gelyke grondwetlike regte by God is nie, is volgens hulle nog "Piëtiste", "fundamentaliste", liefdelose veroordelende Christene. Hulle is vreemdelinge en bywoners by die God vir die onderdrukte en verontregtes!

Al hierdie aktiviste vir God, is aktiviste vir sy liefde! Hulle is volgens hulle bekerings, oorgawes, beelddraery, vrywillige gemeenskapsdiens, hul kulturele identiteit en veg vir onderdrukte se menseregte, die ware, opregte, toegewyde, liefdevolle en koninkryks-Christene. Hulle wie in Christus glo en Hom volgens sy wet liefhet, is vir hierdie morele aktiviste God se kinders wie nog vreemdeling en bywoners vir sy ware liefde is.

Ons mag nie dat enige aktivis en yweraar vir God dit met ons doen nie: ons uitmaak vir kinders van God wie vreemdelinge en bywoners vir God se ware, volle liefde is nie. Want doen ons dit, gee ons toe dat God ons Vader geëet word vir hulle wie muur van skeiding en vyandskap in die Here se liggaam opbou met al hulle eiesinnige morele kodes en liefhebberye. God laat Hom nie deur geestelike aktiviste kaap en van sy kinders vreemdelinge en bywoners in sy liefde maak nie.

Hy is ons Vader wie ons sonder enige middelmuur van vyandskap tuis maak in sy volle liefde.